



# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 30 JUNIE – 6 JULIE 2025

Ons nooi jou uit om saam met ons te bid hierdie laaste week van 'n reeks van vier dele wat fokus op 'Maatskaplike Sekerheid', 'Die Regering', 'Die Kerk' en **'Die Onderwys'**.

Sit hierdie laaste week tyd opsy om vir jou land se onderwysstelsels, sowel as dié regoor Afrika, te bid. God is die bron van kennis, begrip en insig. Hy is die fondament waarop ons leerinstellings gebou moet word. Vra die Here om Sy goddelike kennis en wysheid oor te dra wat menslike begrip ver te bowe gaan.

---

**MAANDAG 30 JUNIE 2025**
**GODDELIKE WYSHEID**
*Die wysheid sal sy plek in jou lewe inneem, kennis sal vir jou iets aangenaams word, oordeelkundigheid sal oor jou wag hou...* (Spreuke 2:10-11).

**SUID-AFRIKA**
Suid-Afrika se onderwysstelsel gaan gebukkend onder vroeë skoolverlaters, swak landelike infrastruktuur en lae geletterdheidsvlakke. Regeringsinisiatiewe het egter ten doel om dit te verbeter deur STEM-onderwys (*Science, Technology, Engineering and Mathematics*) te bevorder, tegnologie te integreer en meer hulpbronne en opleiding te verskaf.

**Kom ons bid**
- Bid vir **ouers** in jou land om daagliks in afhanklikheid van God se wysheid te onderrig en dit uit te leef en Hom te vertrou om die volgende geslag te bewaar en hulle te lei om besluite met diskresie te neem.
- Bid vir die gesamentlike pogings van die **Suid-Afrikaanse regering, privaatsektor en gemeenskappe** om blywende verandering vir die toekoms van onderwys te bewerkstellig.

---

## DINSDAG 1 JULIE 2025
## JESUS, ONS LEERMEESTER

*Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit.* (Johannes 13:13).

### SUID-SOEDAN

Meer as 2,8 miljoen kinders in Suid-Soedan woon nie skool by nie. 'n Pastorale leefstyl, armoede, kinderhuwelike en kulturele of godsdienstige oortuigings belemmer toegang tot onderwys.

### Kom ons bid

- Bid vir **burgers in jou land** om Jesus as Leermeester te erken; om te verstaan dat Hy die Een is wat vir ons n lewensdoel gee en ons *alle* dinge leer.
- Roep uit tot die Here om **die gedagtes van ouers en ouderlinge** deur Sy Woord en Sy Gees te vernuwe, om weg te draai van oortuigings wat die toekomstige geslagte in Suid-Soedan geestelik verarm.

---

## WOENSDAG 2 JULIE 2025
## BENUT OOMBLIKKE VAN ONDERRIG

*Jy sal dit ywerig aan jou kinders leer...* (Deuteronomium 6:7).

### SOEDAN

Tussen 2008 en 2018 het Soedan aansienlike verbeterings in basiese onderwys aangebring. Politieke onstabiliteit en die pandemie het die opvoeding van meer as 8 miljoen Soedanese kinders sedert 2019 ontwrig, wat jare se vordering vernietig het.

### Kom ons bid

- Bid vir **ouers, onderwysers en jeugwerkers** in jou land om sensitief te wees vir die Heilige Gees en alledaagse interaksies met die jeug te gebruik as geleenthede om God se beginsels aan hulle te onderrig en verduidelik.
- Dank God vir **digitale onderwys in afgeleë dele van Soedan**. Bid dat die jeug wat deur onstabiliteit geraak word, hoopvol sal bly ten spyte van hul moeilike omstandighede.

---

## DONDERDAG 3 JULIE 2025
## YWERIG OM TE LEER

*God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid.* (Daniël 1:17).

### ETHIOPIË

Ethiopië het minstens 13 miljoen vroeë skoolverlaters weens die gekombineerde gevolge van die COVID-19-pandemie, konflik en klimaatsverandering. Om hierdie krisis die hoof te bied, help die *Speed School*-program nie-skoolgaande kinders tussen 9 en 14 jaar om die eerste drie jaar van primêre onderwys in net 10 maande te voltooi.

### Kom ons bid

- Bid **vir leerders van alle ouderdomme in jou land om ywerig te bly** in hul studies en om op God te vertrou in tye van moedeloosheid of wanneer hulle nuwe metodes of konsepte nie begryp nie.
- Prys God vir die *Speed School*-inisiatief. Bid vir **soortgelyke programme** om meer Ethiopiese jeugdiges te bereik, wat hul opvoeding en toekomstige bydrae tot die samelewing sinvol en blywend beïnvloed.

---

**VRYDAG 4 JULIE 2025**
**GOD SE LEIDING**
*Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou.* (Psalm 32:8).

**DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO (DRK)**
Van die uitdagings wat die onderwysstelsel in die DRK in die gesig staar, sluit swak gehalte en beperkte toegang in. Dit word vererger deur nasionale kwessies soos konflik, geslagsgebaseerde geweld, voedselonsekerheid en armoede, wat gelyke onderwys vir almal belemmer.

**Kom ons bid**
- Bid vir studente in sekondêre en tersiêre instellings van jou land om **God se leiding te soek** oor hul toekomstige studies, loopbane en Sy roeping vir hul lewens.
- Bid vir **die regering en die hoof van onderwys in die DRK**, vir wysheid, praktiese beplanning en doeltreffende implementering van inisiatiewe om die uitdagings wat die onderwyssektor in die gesig staar, aan te spreek.

---

**SATERDAG 5 JULIE 2025**
**HEELHARTIGHEID**
*En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.* (Kolossense 3:17).

**SOMALIË**
Somalië worstel die afgelope drie dekades met interne veiligheidskwessies. Gevolglik is die onderwysstelsel onder aansienlike druk en staar uitdagings soos oorvol klaskamers, onvoldoende hulpbronne en 'n gebrek aan ouerleiding en ondersteuning in die gesig.

**Kom ons bid**
- Bid vir studente in jou land om gefokus en **toegewyd aan God te bly**; om te waak teen luiheid en eerder uitnemende en prysenswaardige werk te lewer.
- Bid vir politieke stabiliteit in Somalië en vir hulp om behoeftiges te bereik. Vra God om die regering te lei om onderwys te verbeter deur sekuriteit, hulpbronne en onderwysersopleiding, veral in ingenieurswese, wetenskap en tegnologie.

---

**SONDAG 6 JULIE 2025**
**GOD IS IN STAAT**
*Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink…* (Efesiërs 3:20).

Armoede is 'n groot struikelblok vir onderwys in Mosambiek. Ander faktore sluit in die verborge skuldkrisis, die gevolge van die COVID-19-pandemie, herhalende natuurrampe en die impak van gewapende konflikte, veral in die noordelike streek van die land.

**Kom ons bid**
- Bid oor die **kurrikuluminhoud** wat in jou land gebruik word, en bring enige materiaal voor God wat Sy Woord weerspreek. Vertrou Hom om oorvloedig meer te doen as alles wat jy vra (Efesiërs 3:20).
- Bid vir effektiewe, praktiese programme om armoede in Mosambiek te verlig. Roep uit na God om hierdie land genadig te wees, vir vrede en blywende hoop ten spyte van moeilike omstandighede.

---